


Seuns Wat Grootgeword het om die Wêreld te Verander




Eugene Cernan



Frederick Douglass

Eugene Cernan

(1934-2017)




Eugene Cernan was die laaste man wat op die maan geloop het.




Voordat hy ruimte toe gegaan het, was hy net 'n jong vegvlieënier by die Amerikaanse vloot. Hy het nie vir die ruimtesending aansoek gedoen nie en het nie na 'n gevorderde vlieënierskool gegaan nie, maar vir een of ander rede het NASA hom gekies.




Hy het destyds gedink om op die maan te loop sou nie moontlik wees nie. Hy het dit nooit eers oorweeg om ruimte toe te gaan nie en hy was nie seker of hy gereed was vir die uitdaging nie.




Na tien jaar se opleiding, het hy daar uitgekom.



Hy het saam met sy span op die oppervlak van die maan
geswerf en teruggestaar na die verre aarde terwyl hy
eksperimente gedoen het.




Hulle het monsters versamel om meer oor die maan se geskiedenis te leer, hulle het meer as vyf-en-dertig kilometer in die maan karretjie afgelê en selfs die nie-amptelike maan landspoed rekord gebreek deur teen elf myl per uur te gaan!




Die laaste ding wat hy gedoen het voor sy vertrek was om te hurk en sy dogter se naam in die stof te skryf: Tracy Dawn Cernan. Nou sal dit vir meer as 50 000 jaar daar bly.



Al was hy die laaste man op die maan, het Eugene gehoop dit sou nie so bly nie. Hy het gedink dit is hartseer dat lande nie meer belang stel om die maan te bereik nie en het gehoop dat die volgende generasie geïnspireer sou word om aan te hou om die grense van ruimteverkenning te verskuif.



Hy wou hê mense moet nooit ophou vrae vra, antwoorde soek
en wonder watter onopgeloste raaisels daar buite in die
kosmos op ons wag.




‘Ek is nogal teleurgesteld dat ek nog steeds die laaste man op die maan is,” het Eugene gesê voor sy dood. Hopelik sal iemand dit gou verander.




Frederick Douglass (1818-1895)



Frederick Douglass was in slawerny in 1818 in Amerika gebore, wat beteken het dat hy as eiendom in plaas van 'n persoon behandel was. Slawe soos Frederick was geslaan, skaars gevoed en gedwing om aan te hou werk totdat hulle ineengestort het.



Hulle was ook verbied om te leer hoe om te lees of skryf. Die mense wat hulle besit het was bang as hulle slawe skrifgeleerd sou word, dat hulle teen hulle sou opstaan en hul tot 'n val sal bring.



Die vrou van die man wat Frederick besit het, het hierdie reël geïgnoreer en hom geleer hoe om te lees en skryf, totdat haar man hiervan uitgevind het en het 'n einde gemaak daarvan.




Hy kon Frederick nie keer nie, hy het voortgegaan om alles te leer wat hy kon van plaaslike wit kinders en bure, al het dit hom in gevaar gestel.




Toe hy eers kon lees, het Frederick alles gelees: brosjure, koerante, romanse, en die Bybel. Deur lees het hy van slawerny geleer en sy eie idees en argumente begin vorm teen wat besig was om te gebeur. Hy het hierdie idees met ander slawe gedeel en sy kennis het versprei.




Frederick het twee keer uit slawerny probeer ontsnap, maar was weer gevang. Hy was suksesvol met die derde poging, toe hy vervoer was langs 'n deel wat bekend gestaan het as die Ondergrondse Spoorweg: 'n geheime netwerk van roetes wat gebruik was om slawe na vryheid te smokkel.



As 'n vrye man het hy getrou, het kinders gehad en deur Amerika gereis, gepraat en veldtogte gevoer, nie net vir die einde van slawerny nie, maar vir vroueregte, Ierse onafhanklikheid en ander kwessies waarvoor hy passievol was.



Hy het presidente gadviseer en studente gedoseer. Hy het ook drie boeke oor sy lewe gepubliseer, wat topverkopers geword het.



Deels te danke aan die werk van Frederick, was alle slawe in 1865 vry verklaar. Swart mense in Amerika veg sedertdien vir gelykheid.

